Skrifgedeelte: Filippense 1:27-2:13

Teksverse: Filippense 2:12-13

Tema: Groei in jou geloof deur, in gehoorsaamheid aan God, jou verlossing in Christus te lééf!

As Gereformeerdes is ons in die algemeen trots op die suiwerheid van ons leer. En een van hierdie leerstellings waarop ons só trots is en waaraan ons só vashou is die leer dat ons uit genade alleen gered is. *Sola Gratia* - alleen genade. Dit is die naam van hierdie leerstelling dat ons uit genade alleen gered is en dat ons vanuit onsself niks kan doen om gered te word nie.

Wanneer ons egter `n vers soos Filippense 2:12 lees, verander ons trotse houding vinnig in `n gemompel, want hoe moet ons hierdie vers verstaan? Hoe moet ons dit verstaan dat Paulus sê dat ons met vrees en bewing aan ons verlossing moet werk, of, soos die Ou Afrikaanse Vertaling hierdie vertaal het, dat ons met vrees en bewing ons eie heil moet uitwerk? Dit klink darem mos nou baie na werke-verlossing: ek moet goeie goed doen om gered te word.

Wanneer ons dan nou nog `n fokustyd in die gemeente neem en ons fokus saam op geloofsgroei of geestelike groei, wil dit vir ons al hoe meer lyk asof ons hier met `n leerstelling te doen het dat ons iets moet doen om verlos te word. Hoe moet ons hierdie vers van Filippense 2 verstaan om dit reg te verstaan?

Ons moet dit verstaan deur vers 13 saam met vers 12 te lees! Vers 13 leer ons dat dit God is wat in ons werksaam is, sodat ons gewillig is en optree soos Hy dit goedvind. Dit is God wat in ons werk en wat ons gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer. Dit is juis omdat God eerste in ons werk, wat ons kan werk. Dalk kan ons hierdie wonderlike werk van die Here met die volgende voorbeeld verduidelik.

Wanneer `n rolprent gemaak word is daar beide `n akteur en `n regisseur. Die akteur speel die rol van `n karakter. Dit is die akteur wat ons in die rolprent sien en wat die rol vertolk. Agter hierdie akteur, sit daar egter `n regisseur en in werklikheid is die akteur net so goed soos wat die regisseur is. Die regisseur wys vir die akteur hoe om die draaiboek, die storie, te vertolk. Die regisseur sien toe dat daar nie `n woord van die dialoog verlore gaan nie en die regisseur is die een wat vir die akteur die riglyne gee van wat hy as regisseur verwag.

Só kan ons sê werk dit tussen God en ons, waarin ons die akteurs is en God die regisseur. Alhoewel ons as mense die karakters is wat gesien word en wat in die storie van die lewe speel, is dit in werklikheid God wat ons in staat stel om hierdie rol te vertolk. Dit is God wat in ons werk, sodat ons hierdie karakters in die rolrent van die lewe speel. Ons kan dus sê, dit is God wat ons in staat stel om te bekeer, want dit is God wat in ons werk. As dit nie is dat God só in ons werk nie, kan ons ons nie bekeer nie.

Die manier waarop God só in ons werk noem ons "die weg van saligheid" of "die heilsorde". Dit is waarby ons in die persoonlike bybelstudies stil gestaan het hierdie week, my broers en susters. Elke dag van hierdie week wat verby gegaan het, was `n geleentheid vir elkeen van ons om stil te staan en te besef op watter wonderlike manier werk God só in ons. Elke keer kon ons stil staan en weer besef met watter krag God in ons aan die werk is - `n krag wat só sterk en groot is dat ons in die Dordtse

Leerreëls bely dat dit niks minder is as die krag waarmee God alles geskep het nie! Dit is die krag waarmee God in jou en my werk!

Ons het gehoor hoe God ons, voordat die wêreld al geskep was, in Jesus Christus uitverkies het om heilig en onberispelik voor Hom te wees. Ons kon hoor dat dit God is wat die boodskapper stuur wat vir ons die goeie nuus gebring het van die verlossing in Jesus Christus - só het God elkeen van ons tot geloof geroep. Ons kon weer verstom staan oor die feit dat God die Heilige Gees aan ons die wedergeboorte skenk - `n daad van die Here wat ons van begin tot einde nie kan begryp nie.

Ons kon verwonderd staan oor die waarheid dat God aan ons, deur die Heilige Gees, die gawe van geloof gee en as dit nie was dat die Heilige Gees eerstens aan ons die geloof gegee het nie, sou ons nie kon glo nie. Hoe klein kon elkeen van ons voel toe ons gehoor het dat dit God is wat ons tot bekering ruk? Dit is God wat in ons lewens ingryp en ons terug ruk in `n verhouding met Hom in.

Was dit nie wonderlik gewees om opnuut te hoor dat dit Jesus Christus is wat ons regverdig gemaak het deur ons weer in die regte verhouding met die Vader te bring nie? Só beleef ons die regverdigmaking. Só beleef ons die heilsorde as die meesterstuk van die Groot Regisseur wat ons as akteurs van die rolprent van die lewe afrig, leer en in ons werk sodat ons gewillig en bereid sal wees om met vrees en bewing aan ons verlossing te werk - `n verlossing wat Jesus Christus klaar gebring het.

My broer en suster, as ons hoor dat God op só `n wonderlike manier elkeen van ons gered het en dat Hy só in ons werk, dan wil ons mos juis lewe soos God wil hê ons moet lewe! Ons kan tog nie hierdie genade van die Here hoor, ervaar en ontvang en aanhou om in ons sonde voort te lewe nie. As ons dít doen, is ons niks anders as `n parasiet wat op die bloed van Christus teer nie. Luister mooi my broer en suster, as jy sê jy glo in Jesus Christus, maar jy lewe nie jou geloof nie, jy hou nie op om sonde te doen en die regte dinge te doen nie, teer jy op die bloed van Christus.

Want sien, die verlossing waarvan Paulus hier praat, gaan nie net daaroor dat ons in die regte verhouding met God moet staan nie. Dit gaan nie hier net oor regverdigmaking nie. Verlossing gaan ook oor ons heiligmaking. Verlossing gaan ook oor die proses waardeur die Heilige Gees ons afsonder vir die Here, deurdat ek en jy aktief teen die sonde stry, deurdat ek en jy elke dag meer en meer aan onsself sterf, en deurdat ons elke dag meer en meer volgens die wil van God lewe.

In werklikheid beskryf Paulus vir ons hierdie proses van heiligmaking op `n besonderse manier in Filippense 1 en 2. Hy sê dat ons heiligmaking en verlossing daaruit bestaan dat ons lewenswandel in ooreenstemming sal wees met die evangelie van Christus en dat ons al hoe meer die gesindheid van Christus sal hê. Gesindheid gaan ook nie net oor `n emosie nie, maar in die eerste plek oor `n *mindset*, `n ingesteldheid. Om dieselfde gesindheid as Jesus Christus te hê beteken dus dat ek op dieselfde manier as Jesus Christus oor sake sal dink, besluit en voel.

Juis dit is wat ons in die volgende paar weke gaan leer in ons fokustyd. Ons gaan leer hoe die Heilige Gees ons laat groei, sodat ons al hoe meer die gesindheid van Jesus Christus sal hê. Ons gaan saam dink oor die verhouding tussen die Wet en God se liefde en hoe ons uit liefde vir God volgens sy wil kan lewe. Ons gaan saam kyk na wat die wortels en vrugte van geestelike groei is en laastens gaan ons na `n paar praktiese opdragte kyk en saam luister hoe God ons leer oor hoe ons ander kan begelei om met vrees en bewing aan hulle verlossing te werk.

Maar kom ons begin om met erns ons rol te vertolk as kinders van die Here. Kom ons luister en ons leef soos die Groot Regisseur ons leer om te leef. Kom ons hou op daarmee om soos parasiete aan die kruis van Christus te hang. Kom ons lééf ons geloof en verlossing in Jesus Christus!

Amen